



Handleiding vir gesinne; wyke; persoonlike Bybelstudie

PROJEK JOSUA: 4-WEEK GESINSBEDIENING REEKS —

WEEK 1: “Kies Vandag” – ’n Besluit vir die Here

Hoofteks: Josua 24:14–15

Aanvullend: Matteus 6:24; Openbaring 3:15–16

Fokus:

Die beginpunt van gesinsbediening is ’n **duidelike, persoonlike en gesamentlike keuse** om die Here te dien.

Kernwaarheid:

God vra dat ons **HOM** sal **kies**!

Verloop:

Inleiding: Israel moes kies tussen afgode en die Here

Bespreking:

Watter “afgode” kompeteer vandag in ons huise? (tyd, geld, tegnologie, sport)

Hoe lyk ’n huis wat die Here dien?

Simboliese aksie: Laat elke gesin ’n eenvoudige verklaring maak of neerskryf: “Ek en my huis, ons sal die Here dien”

Praktiese Opdrag:

Sit ’n sigbare herinnering in die huis (plakkaat/Bybelvers)

Begin die week met ’n kort gebed as gesin (selfs net 2–3 minute)

WEEK 2: “Leer Dit Daaglik” – Geloof as Leefwyse

Hoofteks: Deuteronomium 6:6–7

Aanvullend: Spreuke 22:6; Efesiërs 6:4

Fokus:

Geloofsvorming gebeur nie net in die kerk nie—maar **in die ritme van elke dag**.

Kernwaarheid:

Ouers is die **primêre geestelike mentors** van hul kinders.

Verloop:

Ontleding van teks: “as jy sit... loop... gaan lê... opstaan” → geloof is geïntegreerd

Praktiese idees:

By etes: kort Skrif of dankgebed

In die kar: geestelike gesprekke

Saans: eenvoudige Bybelstorie vir kinders

Interaksie:

Laat gesinne idees uitruil:

Wat werk reeds in julle huis?

Praktiese Opdrag:

Begin met **3 keer per week huisgodsdienst** (kort en eenvoudig)

Gebruik ’n vaste tyd (bv. aandete of slaaptyd)

WEEK 3: “Vertel die Verhaal” – Geloof oordra aan die volgende geslag

Hoofteks: Psalm 78:1–7

Aanvullend: Eksodus 12:26–27

Fokus:

Ons moet ons kinders **bewustelik en doelgerig vertel** van God vertel!

Kernwaarheid:

Geloof word oorgedra deur **stories en getuienis**, nie net reëls nie.

Verloop:

Bespreking:

Waarom vergeet die volgende geslag so maklik?

Hoe help stories om geloof te vestig?

Aktiwiteit: Laat ouers hul eie getuienis kort neerskryf:

“Waar het God my gehelp?”

“Wat wil ek hê my kinders moet onthou?”

Praktiese Opdrag:

Deel een geloofsgetuienis met jou gesin hierdie week

Begin ’n “Wat het God vir my/ons gedoen...”-lys as gesin

WEEK 4: “Bou ’n Blywende Huis” – Volharding en Nalating

Hoofteks: Josua 24:31; Rigters 2:10

Aanvullend: 2 Timoteus 1:5

Fokus:

Wat gebeur ná die keuse? Hoe hou ons dit vol oor geslagte?

Kernwaarheid:

Geloof moet **bewaar en geleef word**, anders verdwyn dit binne een generasie.

Verloop:

Kontras:

Josua se tyd → volk dien die Here

Rigters → nuwe geslag ken Hom nie

Bespreking: Wat breek geloofsoordrag vandag?

Praktiese boustene:

Konsekwentheid

Egtheid (nie net godsdiens nie, maar verhouding)

Gemeente + huis werk saam

Slot-aksie:

Gesinne maak ’n eenvoudige “**huisverbond**”

Hoe gaan ons die Here dien?

Wanneer gaan ons saam bid/Bybel lees?

Bronnelys – Huisgodsdien

- Faith@Home – Mark Holman

[Kerk+Huis; Bybelmedia; Jeugfokus]

- The World needs a Father – Cassie Carstens

- Rediscovering Family Worship – Jerry Marcellino

- Lead your Family in Worship – Francois Carr

- Family Worship – Donald Whitney

- Parenting by God's promises – Beeke

- Family Worship – Beeke

[Huisgodsdien – Lig in Duisternis]

- Bringing the Gospel to Covenant Children – Beeke

- How should men lead their Families – Beeke

- The Family at Church – Beeke

- Family Driven faith – Voddie Baucham Jr.

- Family Shepherds – Voddie Baucham Jr.

Ek en my huis—Ons sal die HERE dien